PERSVERKLARING
VANDALISERING VAN ANDREW MURRAY SE STANDBEELD OP WELLINGTON

12 April 2015

Die moderatuur van die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland het kennis geneem van die vandalisering van die standbeeld van dr Andrew Murray op Wellington.
Die daad word ten sterkste veroordeel.

Terselfdertyd weet ons dat verf nooit die kosbare nalatenskap van Dr Murray sal kan vernietig nie en moedig mense aan om uit te vind wie hy was en wat hy vir ons land beteken het.

Ons is deeglik bewus van die feit dat daar baie opgekropte emosie en moontlike politieke strategieë agter hierdie dade lê, maar ook bekommerd dat hierdie sinnelose dade verdere emosie kan aanwakker.

As gelowiges wat die nalatenskap van Dr Murray koester, wil ons ons verbind tot konstruktiewe gesprek tov die oortuigings en emosies wat hierdie optrede by mense aanwakker. Ons verbind ons opnuut tot die soeke na 'n samelewing waarin die waardes van respek, geregtigheid, versoening en menswaardigheid, die botoon sal voer.

Die NGK moderatuur van Wes-en-Suid-Kaapland
Navrae: Dr Braam Hanekom 083 302 8639

braam@kaapkerk.co.za